Dankbaar ...

'n gevoel van dankbaarheid spoel die afgelope twee maande oor my.
ek is dankbaar vir als wat ek het.
van my gesondheid tot die mense wat my hart aangeraak het.
ek is dankbaar vir die wat my seergemaak het - ek het daaruit geleer.
ek is dankbaar vir reisgenote wat U op my pad gestuur het.
vir vriende, dokters, verpleegsters, 'n Terblanche Jordaan
en Neo-Spektrum-lede se gebede.

ek sien kinders wat geen huis het nie, wat nog van ouers.
ek sien kinders wat ouers het, maar liefde word vervang
met haat en woede.
ek sien huwelike wat elke dag verbrokkel.
ek sien elke dag glimlagte wat verdwyn … sonne wat swart word.
ek sien soveel armoede en wil meer van my besittings uitdeel.
ek sien hoe kort die lewe is en hoe ek die beste
van elke oomblik moet maak.
ek sien dat ek meer van myself wil gee.
vandag is ek dankbaar om te LEEF!
ek dank U.

- Carina Jonker -

# INHOUDSOPGAWE

NUUS UIT QUEENSWEG 3

A BEAUTIFUL PRAYER 5

BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER 6

2017 SPIRITUALITEITSKONFERENSIE 9

DANKBAAR 10

STILTE 11

‘CENTERING PRAYER’: GEBED VAN DIE HART 12

GESPREKKE OOR SPIRITUALITEIT 14

NEO-SPEKTRUM SE PROJEKTE IN DIE GEMEENSKAP 15

ATTIE VAN WYK PRIMÊRE SKOOL: WORD 4 WORD 15

SPORTONTWIKKELING BY PLAASSKOLE 17

BETROKKENHEID BY MES: GROW 19

MES: VROUEDAGETE 20

MES: SAFE SPACE EN WOW-PROJEK 21

DIE PARADOKS 22

LENTE-ETE EN WYNVEILING 24

# NUUS UIT QUEENSWEG

Dagsê uit Tamboerskloof ...

Met die –ber maande op ons beteken dit net een ding en dit is dat kort voor lank begin die winkelsentrums met hul kersversierings op die maat van 'Drummer Boy' ... wéér 'n keer, nóg 'n keer! Dit was in meer as een opsig 'n geseënde jaar. Elke Sondag is daar nuwe gesigte wat kom inloer. Sommige bly en ander reis weer verder. Ons projekte het momentum en oral waar ons mense hul spore los, is daar nou voetpaadjies. Verskeie temas is oor die laaste nege maande bespreek en elke Sondag was 'n reis van binne na buite na binne wat elkeen noodsaak om vir hom/haarself te dink en om jou waarheid vir jouself te formuleer.

Onder die blou kruis het ons Januarie afgeskop met die tema **CHOOSE LIFE** en met dié herinnering ons eerste tree in die nuwe jaar gegee. In Februarie het ons gesels oor **LUISTER**, wat meer is as net *hoor* en wat dit van ons vra om met spirituele ore te luister na ons interne gesprekke, maar ook ons interpersoonlike gesprekke.

In Maart het ons die vraag gevra: **WAAROM NOEM ONS ONSSELF CHRISTENE?** en April het ons die begrip **MEANINGFULNESS** verken. In Mei het ons stilgestaan by die onderwerp **MOVE WITHIN AND DROP THE WITHOUT** en gesels oor transformasie en wat beteken *'LET GO, LET GOD'* ... en toe die Winter uiteindelik arriveer na 'n versengende droë Somer het ons gepraat oor **A SENSE OF PURPOSE** en wat integriteit, opregtheid, welvoeglikheid, waardes, en getrouheid in die konteks van *'Beeld van God'* beteken. Toe Julie kom, het ons aan die hand van Antjie Krog se **VERSNELLERS VAN DIE BEWUSSYN** gesels oor intuïsie, intensie, inspirasie, integrasie, en introspeksie.

In Augustus het ons die tema **A SENSE OF COMMUNITY** behandel en na al die vlakke en sfere van *'community'* gekyk. Hoe dit ons beïnvloed en wat ons verantwoordelikheid is in die verskillende gemeenskappe waarin en waardeur ons leef. Met dit alles gesê, het ons in September na die vrae gekyk wat ons mense ingestuur het en gesels oor onder andere **WAAR IS GOD AS DIT SEER IS?, EWOLUSIE EN GENESIS, HEMEL EN LEWE NA DIE DOOD,** en **HOE MOET ONS JONA EN NOAG VERSTAAN?**

Vir my, wat die voorreg het om elke Sondag in die Sirkel te staan, was dit 'n verrykende ervaring om week na week voor te berei vir die epos en dan 'n sinvolle liturgie saam te stel vir ons uur se gesprek. Nie een week het ek geweet wat die volgende week gaan volg nie en tot my verbasing het gedagtes en kopskuiwe my gevind en so het ons die pas gehou.

Daarom wil ek uit my hart dankie sê vir elkeen wat hierdie reis saam gestap het; wat gereeld met 'n nota of oproep 'n bron van inspirasie was. Dankie vir die ACIM groepe wat deel is van ons Wysheidsirkel ... sonder hierdie groepe sal my intellektuele en spirituele lewe klaaglik arm wees! Dankie vir elkeen wat Sondae die moeite doen om ons diens by te woon, veral hulle wat elke Sondag van ver af ry om 'n uur saam te stil word en 'n stukkie van hulself te kom deel wat ek in my knapsak kan pak vir my week wat voorlê.

In besonder baie dankie aan ons leierspan waarsonder Neo-Spektrum nie sou kon funksioneer nie, asook elkeen wat betrokke is by ons projekte — hetsy Attie van Wyk skool, MES, of die funksies wat ons aangebied het. Opreg DANKIE!

Met dit wens ek vir elkeen van julle 'n geseënde Nuwe Seisoen! Mag die Lente en Somer vir ons geestelike reën bring, mag ons beddings altyd blomme hê, en mag die afloop van dié jaar vir ons gemoedsrus vir die kop, liefde vir die hart, gesondheid vir die lyf, en vere vir ons siel se vlerke bring.

Soos altyd
***Terblanche***



# A BEAUTIFUL PRAYER

- By Joanne Gobure -

I asked God to take away my habit.
God said, No.
It is not for me to take away, but for you to give it up.

I asked God to make my handicapped child whole.
God said, No.
His spirit is whole, his body is only temporary.

I asked God to grant me patience.
God said, No.
Patience is a byproduct of tribulations;
it isn't granted, it is learned.

I asked God to give me happiness.
God said, No.
I give you blessings, happiness is up to you.

I asked God to spare me pain.
God said, No.
Suffering draws you apart from worldly cares
and brings you closer to me.

I asked God to make my spirit grow.
God said, No.
You must grow on your own,
but I will prune you to make you fruitful.

I asked God for all things that I might enjoy life.
God said, No.
I will give you life, so that you may enjoy all things.

I ask God to help me LOVE others, as much as He loves me.
God said ... Ahhhh, finally you have the idea.

- Ingestuur deur Berdine Wassung -

# BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Dis moeilik om te glo dat nog 'n Neo-Spektrum finansiële jaar alweer stilletjies verby geglip het op 31 Augustus 2017. Die Algemene Jaarvergadering sal op 12 November 2017 plaasvind wanneer lede en belangstellendes op hoogte gebring sal word van die verwikkelinge gedurende die 1 September 2016 tot 31 Augustus 2017 finansiële jaar en die beplanning vir die nuwe jaar.

Neo-Spektrum is besonder geseënd en ons was in staat om die afgelope jaar al ons beplande spirituele programme en aktiwiteite te finansier en ons gemeenskapswerk ter ondersteuning van behoeftige mense vanuit agtergeblewe gemeenskappe uit te brei.

Die normale spirituele programme soos die Sondag Sirkeldienste, A Course in Miracles Program, Geskiedenis van die Bybel Werkswinkels, Spirituele Boekbesprekings en Spiritualiteitskonferensie is nou al goed gevestig. 'n Werkswinkel oor Verhoudings is aangebied waarop goeie terugvoer ontvang is en daar sal oorweeg word om weer 'n soortgelyke werkswinkel in die toekoms aan te bied.

Die 2017 Spiritualiteitskonferensie was 'n groot sukses en hoogtepunt vir die jaar. Kundiges uit verskillende hoofstroom-godsdienste en -tradisies het hulle begrip en uitleef van 'compassion' gedeel in wat 'n verrykende ervaring was vir diegene wie dit bygewoon het. Verskillende sprekers vanuit die Islam, Hindu, Christelike en Boeddhistiese geloofsgroepe het hul perspektiewe gedeel, en wat duidelik uitgestaan het, was die gemeenskaplikheid en nie die verskille nie. 'n Les om te leer uit die konferensie was dat inklusiwiteit en die uitreiking na ander perspektiewe nie beteken dat mens in die proses jou identiteit en tradisie hoef prys te gee nie.

'n Deeltydse projekkoördineerder is in Junie 2017 aangestel om die Uitvoerende Komitee by te staan met die koördinering van welsynsprojekte. Dit het ons kapasiteit om projekte effektief aan te pak en te moniteer versterk en die positiewe resultate daarvan is reeds sigbaar. Die projekkoördineerder sal ook help met die uitbreiding van Neo-Spektrum se ondersteuningsbasis en vennootskappe om die sukses en volhoubaarheid van ons projekte te verseker.

Gemeenskapsprojekte waarby Neo-Spektrum die afgelope jaar betrokke was, sluit die volgende in:

◊ Betrokkenheid by die Attie van Wyk Primêre Skool is verder uitgebrei. ‘n Klashulp wie se salaris deur Neo-Spektrum betaal word, is aangestel om die klasonderwyser van die Graad 2 klas wat uit meer as 50 leerders bestaan, te ondersteun. Die leesterapieprogram wat in 2016 mee begin is met die hulp van vrywilligers, lewer goeie resultate en gaan voort.

Aangesien daar tans meer vrywilligers is wat lesse aanbied, is ‘n tweede skootrekenaar wat benodig was vir die aanbied van die program met die hulp van ‘n Neo-Spektrum lid as donasie ontvang van Universe Direct. Vervoer is verskaf aan leerders vir die bywoning van vakansieprogramme wat aangebied is deur die dames en geestelike leiers van die Bergsig NG Kerk wat ook betrokke is by die skool.

◊ Die Sportontwikkelingsprogram by die Attie van Wyk, Blue Mountains, The Valley en Vissershok primêre skole wat deur die Tygerberg Berg-fietsklub gefinansier word, vorder goed. Sportklere is aan van die leerders by die skole voorsien en daar is begin met ‘n sportafrigtings-program deur Future Coaching and Skills Solutions wat die opleiding teen ‘n spesiale tarief voorsien het.

◊ Die moontlike ‘aanneming’ van ‘n tweede skool, die Blue Mountains Primêre Skool, is onder oorweging en sal eersdaags oor besluit word.

◊ ‘n Bydrae is gemaak tot die remediërende geletterdheidsprogram van die Vooruitsig Primêre Skool in Darling.

◊ Die ondersteuning van die GROW (God Restores Our World) Program van die MES (Mould, Empower, Serve) Nie-Winsgewende Organisasie is uitgebrei. Dit is ‘n rehabilitasieprogram gemik daarop om ongeskoolde werklose persone van die basiese vaardighede te voorsien om hulle te help om werk te bekom. Met die uitbreiding van Neo-Spektrum se bydrae kon meer mense bereik word.

◊ As deel van die Kersprojek het Neo-Spektrum lede en ondersteuners weer skenkings gemaak van nie-bederfbare voedsel, toiletware en persoonlike items wat met die hulp van MES aan arm en hawelose mense versprei is.

◊ ‘n Spesiale verdere finansiële bydrae is ook gemaak aan MES vir voedingsondersteuning aan hawelose mense.

◊ ‘n Vrouedag-ete is aangebied vir arm, werklose en hawelose vroue in samewerking met MES. Die vrouens het elkeen ook 'n persoonlike geskenkpakkie ontvang. Altesame 43 vroue het die funksie bygewoon.

◊ Neo-Spektrum lede en ondersteuners het ruim bygedra tot die Winterhoop Projek met die voorsiening van noodsaaklike verbruikersgoedere wat aan hawelose mense by die MES Safe Space fasiliteit asook deelnemers van die MES GROW Projek voorsien is. Die Durbanville Curro Primêre Skool het ons ook ondersteun in hierdie projek.

◊ Tydelike hulp vanuit die alimentasiefonds is verleen aan verskeie gesinne binne die uitgebreide Neo-Spektrum familie wie nood ondervind het.

Dit is verblydend dat Neo-Spektrum met die hulp van haar lede, ondersteuners en donateurs in staat was om hierdie gemeenskapsondersteuning te doen. Diegene wie nie lede van die Neo-Spektrum Nie-Winsgewende Organisasie is nie en oorweeg om lede te word, kan ons Sekretaris, Barry van der Merwe, kontak by barryvdm1947@gmail.com om meer inligting te bekom asook aansoekvorms vir lidmaatskap.

Namens die Uitvoerende Komitee wil ek weereens ons waardering uitspreek teenoor die Neo-Spektrum lede, ondersteuners, skenkers en vennote sonder wie se ondersteuning die suksesse wat ons die afgelope jaar behaal het nie moontlik sou wees nie. Met julle volgehoue hulp en ondersteuning sal ons in staat wees om verder daarop uit te brei. Enige bydrae in die vorm van ‘n spesiale of maandelikse donasie sal opreg waardeer word.

Dankie ook aan die Uitvoerende Komitee en vrywilligers vir julle volgehoue passie en toegewydheid om na die beste belange van Neo-Spektrum, haar begunstigdes en donateurs om te sien.

Dit was vir my ‘n voorreg om die afgelope vyf jaar by Neo-Spektrum betrokke te wees en te ervaar hoe dit gegroei en gevestig geraak het as ‘n inklusiewe geestelike tuiste vir al hoe meer mense vanuit die Christelike tradisie met ‘n behoefte aan ‘n alternatiewe en moderne ervaring van God.

**Riaan Neethling**

# 2017 SPIRITUALITEITSKONFERENSIE

Die konsep 'compassion' is onder die soeklig geplaas by ons jaarlikse Spiritualiteitskonferensie wat in Augustus by die Sanlam-ouditorium gehou is. Kirti Pandya, 'n priester uit Indië by die Radha Krishna Tempel het gesels oor die Hindu perspektief, terwyl Muhsin Hendricks, uitvoerende direkteur van The Inner Circle of Al-fitrah, die Islam-perspektief uitgelig het. Die Boeddhistiese siening is deur Anita George van die Soka Gakkia International-groep geskets, terwyl Terblanche die Christen perspektief bespreek het.







# DANKBAAR

Ongeveer sewe jaar terug het 'n vriendin, Carina Jonker, my aangemoedig om te kom aansluit by Neo-Spektrum, nadat ek ongelooflike frustrasies en onvervulde Sondagdienste by 'n gemeente bygewoon het.

Tot en met vandag kyk ek nie een oomblik terug nie en is ongelooflik dankbaar vir die intense verrykende ervaring wat ek met my 'kuiers' by Neo-Spektrum beleef.

Hoe vervullend is elke Woensdag se e-pos wat ons ontvang nie. Soveel tyd, moeite en denke wat daarin gaan. Die vriendelike groet by die kapel se deur Sondae deur 'n persoon wat soveel van homself gee aan ander, die kalmte en rustigheid as mens in die kapel instap en kan stil raak voor 'n 'pragtige blou' kruis met die gevoel van warmte in 'n sirkel van mense wat soos jou eie voel, die luister na musiek wat met groot omsigtigheid uitgesoek is en dan die boodskap wat altyd so diep en treffend is dat dit dae daarna nog in jou kop maal en in jou hart 'n stille plek vind.

Terblanche, ek beskou dit as 'n ongelooflike voorreg om te kan deel in dit alles wat jy vir ons in die kapel by Neo-Spektrum bied. Om elke Sondag daar uit te loop en … 'die pakkie toe te knoop'… is voorwaar 'n 'blessing'.

Ek, en ek glo al die ander, waardeer jou diepe omgee, tyd en energie wat jy insit om Sy woord aan ons oor te dra en Neo-Spektrum spesiaal te maak.

Dankie Terblanche en Neo-Spektrum

\- Olivia van Heerden -

# STILTE

Die *solitude*-ding bly maar 'n enigma. Vir party mense is dit vrees-aanjaend en vir ander Utopia. In die laat-somer van my lewe, my kinders besig met die skryf van hulle eie stories, weet ek dat net in *solitude* ek weer my stem sal kan hoor.

So pak ek Herfs 2016 die laaste 230 kilometer aan vanaf Ponferrada na Santiago de Compostela. Galicia met sy diep mistige valleie, vars omge-ploegde landerytjies en skielike sagte reënvlae laat 'n mens diep asemhaal. Berg op by o'Cebreiro en jy weet dat jy net so sterk is soos jou kop.

Ek het my stap neffens die hoofroete beplan en was dit n *blessing* want sien in die stilte, met die afwesigheid van mense, taal en woorde kom jy in *sync* met jou LEEF. In die stilte praat moeder aarde en as jy mooi luister dan hoor jy haar in die riviertjies en klam mosbesdekte paadjies. God is orals. In die warm bruin oë van n koei met 'n groot koper klok om haar nek. Die spinnekopweb wat blink en ragfyn tussen die takke van 'n boom gespin is.

Stilte maak jou kop stil, goeters kom los en hoor jy vir die eerste keer weer jou *ek* … dan kom die trane want jy HOOR *maak klaar vrou … dit is tyd … wees dankbaar, vrou, jy het genoeg … glimlag, vrou, jy is geliefd … dit is tyd.*

Wat het die Camino aan jou openbaar, wil almal weet … het die Camino jou genees, wil almal weet … die Camino openbaar niks aan jou nie. Die Camino genees jou ook nie … die stilte doen …

*'In solitude we give passionate attention to our lives, to our memories, to the details around us.'*
- Virginia Woolf

**Ronel Bredenkamp**



# 'CENTERING PRAYER': GEBED VAN DIE HART

My reis met 'centering prayer', of soos vertaal in Afrikaans deur ds William Nicol as 'Gebed van die Hart,' begin so 16 jaar gelede toe ek 'n inleidende werkwinkel daaroor bygewoon het. Daardie tyd was ek soekend na 'n geestelike tuiste. Ek het in die NG-Kerk grootgeword, maar wou om verskeie redes nie meer daar betrokke wees nie. My suster, Marita van der Riet, het aanbeveel dat ek die werkwinkel bywoon.

Ek sal daardie oomblik nooit vergeet toe ek by die byeenkoms instap nie – dit was by die Rooms Katolieke Kerk in Groenpunt – ek het net dadelik geweet hier wil ek vir altyd wees en my gemoed het oorgeloop … vir die eerste keer kon ek beleef wat dit is om vir 20 minute in stilte saam met 'n groep mense te bid. Dit was of ek 'tuisgekom' het.

Sedertdien probeer ek minstens een keer per dag daardie 20 minute en baie kere tot 30 minute in stilte sit met God. As ek dit nie doen nie, voel dit vir my of my dag sommer net verkeerd loop. Dit kom neer op 'n *retreat* in die kleine … om bloot net in stilte met God te verkeer en te rus in God – sonder om enigiets te doen … laat jou gedagtes maar net verbykom … daaraan kan jy niks doen nie …

Die bewussyn loop maar net aan en jy word as't ware 'n toeskouer wat aan die kant sit en dit net laat gaan … en *kenosis* volg … 'n proses van leegmaak wat God met jou begin en hier op jou reis na binne … sonder om iets spesifieks te verwag!

Maar dan begin die wonder … God is ook die 'Divine Therapist' ... saam met die proses gaan natuurlik dinge in jou onderbewussyn na die oppervlak begin kom ... skadukante en sterk emosies / pynlike gebeure wat jy dalk wil vergeet maar wat hulself aan jou opdwing …

Laat God toe om saam met jou hieraan te werk tot jy op 'n punt kom waar daar groter vrede in jou gemoed is ... dit is 'n proses wat voortduur sekerlik tot jy eendag sterf. 'Let go, let God …'




Die praktyk/metode van 'centering prayer' wat lei tot 'contemplative prayer' is inderwaarheid niks nuuts nie ... dit is bloot die herlewing van 'n tradisie van die Christelike kerk wat eeue gelede deur die 'Desert Fathers' en ander geestelikes beoefen is, miskien net in ander vorme. Christus se oproep in Matteus 6:6-7 waar hy sê '... maar gaan na jou binnekamer, sluit die deur en bid tot jou Vader wat in die verborgene is ...' is hier van belang.

So wat gebeur in die stilte van jou *Inner Room*? God, die 'Divine Therapist', wérk met jou! Sleutelverse in die Bybel vir my is 1 Konings 19:13 en Psalm 62:1. Een van die belangrikste geestelike leiers en 'n stigterslid van die moderne 'contemplative prayer' beweging in Amerika is eerwaarde Thomas Keating, 'n Rooms Katolieke priester wat in Snowmass, Colorado gesetel is.

In Suid-Afrika is daar verskeie takke van Contemplative Outreach met die takke in die Wes- en Suid-Kaap wat die grootste ledetalle het.

Vir nader inligting, besoek www.centering.co.za of die internasionale webtuiste: www.contemplativeoutreach.org.

**Johan du Toit**

# GESPREKKE OOR SPIRITUALITEIT

Ons wat 'n premie stel op die ontginning van ons spirituele dimensie, het meesal ook breë belangstellings in boeke, luister graag na musiek, gaan kyk na teateropvoerings, en het oor die algemeen waardering vir alle kunsvorme. Wat ons dikwels nalaat is die strewe om insig te verwerf aangaande die jongste wetenskaplike opinies en die nuutste tegnologiese ontdekkings.

Die wêreld het in meer as een opsig soos 'n 'global village' geword, waar die wisselwerking tussen alle vorme van wetenskap en kultuur hoogs relevant geword het. Die spanningsverhouding tussen wetenskap en geloof interesseer my van kindsbeen af. Dis ongebalanseerd om geestelik te lewe sonder om jou voete baie vas op die aarde te hê. Gevolglik lees ek wyd in beide dissiplines.

Onlangs loop ek 'n boek raak raak getiteld 'GOD – gesprekke oor die oorsprong en uiteinde van alles', waarin die sienings van Suid-Afrikaners, 13 gelowiges en 13 ongelowiges, uiteengesit word aan die hand van 'n klompie vrae aan elkeen. Die boek van 373 bladsye is saamgestel deur George Claassen en Fritz Gaum en het al in 2012 verskyn.

Weens gebrek aan ruimte, bied ek geen bespreking of evaluasie van die wye spektrum van gesigspunte nie, behalwe om te sê almal verdien die respek dat die leser hulle menings objektief sal oorweeg en bedink. Ek dink respek vir ander gesigspunte is 'n waarde wat ons in Neo-Spektrum hoog ag. Ons is geseënd om weekliks 'n geestelike belewenis te ervaar van 'n gespreksleier met 'n diepte van kennis en wysheid.

Soos met alle 'kerke' en 'preke' is dit 'n gewoon menslike feit dat die inhoud van 'n uur se meelewing op 'n Sondag vinnig verlore gaan. Tensy dit geïnternaliseer raak, is dit nie deel van jou daaglikse optrede in interaksie met jou naaste nie. Daarvoor sal enige ervare onderwyser mens vertel is herhaling, bespreking, beredenering en nadenke nodig sodat vaslegging kan plaasvind.

Om 'n lang storie kort te maak: my voorstel is dat ons 'n vrywillige besprekingsgroep tot stand bring wat weekliks bymekaarkom met die doel om spirituele kwessies te bespreek. Dit kan uit 'n boek spruit, uit Terblanche se Sondag-gesprek, uit 'n individuele lewenservaring, kortom enigiets wat ons as spirituele wesens aanspreek en wat kan bydra tot die verwesenliking van ons wese as homo sapiens. Daar is 'n veelheid van sinvolle boeke en gespreksonderwerpe. My plek en tyd is tot almal se beskikking.

**Gerrit Boonstra**

# NEO-SPEKTRUM SE PROJEKTE IN DIE GEMEENSKAP

- Edward Smuts -




## ATTIE VAN WYK PRIMÊRE SKOOL: WORD 4 WORD

Sedert 2016 is 'n groep dames besig om 'n aantal geïdentifiseerde leerders se leesvermoë te verbeter met behulp van 'n rekenaarprogram, Word 4 Word. Die betrokke dames het vooraf opleiding ontvang in die gebruik van hierdie program.



In 2017 het hierdie groepie ook 'n man bygekry. Van Maandag tot Donderdag werk elkeen vir ongeveer 45 minute per leerder om hul leesvermoë en –begrip te verbeter. Elke 'tannie' en 'oom' het minstens twee en sommige tot vier leerders wat hulle op hierdie manier help. Die uitkoms van hierdie aktiwiteit is dat hierdie outjies beter sal vaar in al hulle vakke.

So gee Neo-Spektrum stukrag in hierdie kinders se lewens en help om hulle ten goede te beïnvloed.

# ATTIE VAN WYK PRIMÊRE SKOOL: WORD 4 WORD





*Bo: Soos die biblioteek nou georganiseer is. Twee dames besig om met van die leerders in die biblioteek te werk.*



*Onder: Die biblioteek voordat die herorganisasie deur Neo-Spektrum-dames aangepak is en die Word 4 Word-rekenaar geïnstalleer is.*



# SPORTONTWIKKELING BY PLAASSKOLE





*Bo: Dit het duidelik geraak dat die netbalbaan se oppervlakte by Attie van Wyk Primêre Skool totaal onbruikbaar was. Met behulp van 'n borg deur Amandla, is 'n nuwe teerblad gegooi wat ongeveer R82 000 gekos het. Keith Crowley het die baanstrepe geverf en ook doelpale geskenk wat gebruik kan word vir junior en senior spanne.*

*Onder, links: Pienk en swart sportklere is The Valley Primêr se drag - die geel hempies word deur die doelwagters gedra. Onder, regs: Blue Mountains Primêr dra blou en donkerblou rompies.*





Met 'n borgskap vanaf Tygerberg Bergfietsklub is die sportondersteuning uitgebrei na vier Durbanville plaasskole. Al hierdie skole het sportklere ontvang. Die primêre skole is Attie van Wyk, Vissershok, Blue Moutains en The Valley.

# SPORTAFRIGTING BY DURBANVILLE PLAASSKOLE







*Daar is verskeie koste-uitdagings om te bowe te kom om sport-afrigting by die plaasskole moontlik te maak: die beskikbaar-heid van fasiliteite asook vervoer van die plaaskinders. Die skenking van die Tygerberg Bergfietsklub het baie gehelp, want die afrigter, Danny Senger van Future Sports, en sy span afrigters kon betrek word. Twee groepe, die onder 11's en onder 13's, ontvang sokker- en netbalafrigting.*





# BETROKKENHEID BY MES: GROW

*Aan ongeskoolde werklose persone word basiese vaardighede geleer om op 'n volhoubare wyse die werkersmark te betree. Regs is van die persone wat deur GROW betrokke is as straatskoonmakers in Durbanville.*



# STORY OF HOPE THROUGH GROW



Jacoline Pedro, a single mother of three children, is living in Bellville South. She joined MES four months ago to be part of the GROW programme.

She heard about MES when she went to SASSA to apply for a food hamper but unfortunately her application was rejected. Jacoline walked the streets of Bellville to see if there was anything she could do or even figure out a plan for herself and her three daughters. She was informed about MES and the assistance provided to the homeless and unemployed.

During her GROW shift she learned about the opportunity to apply for the food parcels. Her application was successful. Jacoline says the groceries she receives assist her and her family tremendously. It has lightened the load in the household.

Jacoline appreciates the opportunity and the efforts in making this possible not only for herself and her family, but also for the other families that are going through similar situations.

# MES: VROUEDAGETE





Neo-Spektrum het op Vrydag 11 Augustus 2017 ons jaarlikse Vrouedagete gehou in samewerking met Mould Empower Services (MES). Clarina Hanekom was die MES verteenwoordiger, met ongeveer 42 vroue wat die oggend saam geniet het. Die opwinding en verwagting was groot onder die gaste.

Lindie du Plessis van Fynbosch Flora in Durbanville het afgeskop met 'n kragtige praatjie wat gehandel het oor die blom en die vrou en dat daar 'n duidelike ooreenkoms is, terwyl Charel, 'n talentvolle musikant van Stellenbosch, ons vermaak het met sy pragtige musiek.

Met 'n smullekker tweegang maaltyd en lekker gesels het elke dame ook die geleentheid gekry om vir haarself 'n unieke krale-armband te maak, geskenk deur Neo-Spektrum. Elkeen het die funksie verlaat met 'n hart oorvol dankbaarheid, 'n propvol geskenkpakkie en pitkos vir die siel.

Met hierdie spesifieke programme wat aangebied word, is ons baie opgewonde dat reeds verskeie suksesverhale hieruit ontstaan het. Verseker was dit 'n groot suksesfunksie, en is ons oortuig dat ons volgende jaar weer so sal maak.

**Marianne du Toit**

# MES: SAFE SPACE EN WOW-PROJEK



*Bo: Hierdie 'safe space' vir hawelose mense in Bellville akkommodeer tot 70 gedurende die dag en 40 gedurende die nag.*

*Onder: Deur Neo-Spektrum se WOW-projek word voorrade verskaf aan die hawelose mense wanneer hulle daar aankom. Daarna kan hulle by die GROW-projek betrokke raak.*






# DIE PARADOKS

Die paradox van die tyd waarin ons leef, is dat ons geboue hoër is,
maar ons humeure korter.
Ons het breër snelweë, maar minder ruimte vir ander.
Ons spandeer meer, maar het minder.
Ons koop meer, maar geniet dit minder.

Ons het groter huise, maar kleiner gesinne.
Meer gerief, maar minder tyd.
Ons het meer grade, maar minder insig.
Meer kennis, maar minder onderskeiding.
Meer kundiges, met meer probleme.
Meer medisyne, maar minder gesondheid.

Ons het ons besittings vermenigvuldig, maar ons waardes verminder.
Ons praat te veel, wys te min liefde, en haat te maklik.
Ons het geleer hoe om 'n lewe te maak, maar nie hoe om te lewe nie.
Ons kan baie jare by ons lewe voeg, maar geen lewe by ons jare nie.

Ons kan 'n man op die maan sit, maar sukkel om oor die straat te stap
en met 'n buurman te gesels.
Ons het die buitenste ruim oorwin, maar weet min van ons eie innerlike.
Ons wil die atmosfeer skoonmaak, maar ons besoedel ons siele.
Ons kan die atoom split, maar nie ons vooroordele nie.

Ons inkomste is groter, maar ons moraliteit is kleiner.
Ons heg baie waarde aan die kwantiteit van dinge.
Maar min waarde aan die kwaliteit van verhoudings.

Hierdie is tye van sterk geboude mans, met swak karakter.
Van stygende winste, en dalende integriteit.
Ons is vaardig met rekenaars, en tog steeds so lomp met kommunikasie.

Ons skree vir wêreldvrede, terwyl oorloë in ons huise woed.
Ons het meer kos, met minder voedsaamheid.
Ons kinders het meer speelgoed, en minder pret.

Huise het meer as een inkomste, en ook meer egskeidings.
Orals staan stewige huise met gebroke gesinne.
Ons bou ses voet mure om ons kinders te beveilig, terwyl hul vrylik na alles en almal mag kyk op TV.

Kinders mag nie bedags alleen langs die straat stap nie, maar hul mag nagte lank alleen die internet vol swerf.
Ons leef in tye van baie onderskeidings in matriek, met geen onderskeiding van die gees nie.

Ons smeek God om hulp as diewe ons huise leegdra, maar vergeet om Hom te dank as ons die inkopies indra.
*Ons vertoonvensters van die lewe is oorvol … maar ons lewe se stoorkamers* is dolleeg.

- Deur Bob Moorehead, vertaal en aangepas deur Dries Lombaard -

- Ingestuur deur Berdine Wassung -

## HELP ONS MINDERBEVOORREGTES

Neo-Spektrum benodig gereelde bydraes om volhoubaar betrokke te bly by al ons gemeenskapsprojekte. Die uitvoerende komitee lewer 'n pleidooi aan almal in ons Wysheidsirkel om 'n vaste maandelikse bydrae te oorweeg.

Kontak vir Edward Smuts by finansies@neo-spektrum.co.za om 'n debietordervorm aan te vra en te voltooi. Jy kan ook 'n eenmalige of 'n gereelde bydrae per EFT doen in ons bankrekening: Neo-Spektrum, Absa, takkode 632005, rekeningnommer 4083481065. Gebruik jou naam as verwysing.

**Dra by met SnapScan**
Laai die app af op jou selfoon. Installeer en gebruik met veiligheid om by te dra.

# LENTE-ETE EN WYNVEILING

Neo-Spektrum se jaarlikse Lente-ete en wynveiling om fondse te werf is in Augustus by die Tienie Louw-saal in Durbanville gehou. Die saal was baie stylvol voorberei vir die geleentheid. Terblanche was die afslaer van die wyne wat Evert Cilliers by verskeie lede en vriende van Neo-Spektrum asook wynplase in die Durbanville-omgewing as skenkings ontvang het.














